Publication: Landbouweekblad
Date: 27 Jan 2017
Page: 28





# Twee boedels by aanwas-eis

**Huwelike kan met 'n egskeiding beëindig word of weens dood. In albei gevalle is daar faktore om in ag te neem wat die aanwas-eis betref. Onthou om die gevolge van die aanwas in berekening te bring tydens die boedelbeplanning.**

Iemand het gevra of die berekening van 'n aanwas-eis by dood bereken kan word teen die netto waarde van die boedel, dus nadat boedelbelasting en ander verpligtinge bereken is. Ek was ietwat verbaas oor die vraag, maar het besef dit is 'n algemene siening wat die ronde doen.

Vir praktiese doeleindes werk ons met twee boedels. Meer korrek, twee berekeninge, maar omdat albei verwys na boedel, hou ek by twee boedels. Daar is een waarvolgens die aanwas-eis bereken word en een waarvan ons die aanspreeklikheid vir boedelbelasting wil bereken.

Ons kyk eers na die aanwas. Die Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984) bepaal dat by die beëindiging van 'n huwelik onderhewig aan die aanwasbedeling deur óf egskeiding óf dood, sal die een wie se boedel geen groei of 'n kleiner groei gehad het tydens die bestaan van die huwelik, 'n eis hê teen die ander party se boedel vir die helfte van die verskil in aanwas. Dit is met ander woorde die groei in die boedel.

Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die aanwas in die boedel van 'n oorlede gade bepaal word voordat uitvoering gegee kan word aan enige testamentêre bemaking, nadoodse skenking of nalating ingevolge die instestate erfreg (intestaat: om te sterf sonder 'n testament).

## OOMBLIK VAN AFSTERWE

Ek bepaal my vir die doel van ons gesprek by die aanwas-eis by dood, nie egskeiding nie. Die eis ontstaan volgens wet by die beëindiging van die huwelik. Die huwelik word beëindig op die oomblik van afsterwe. Dit wat ná afsterwe met daardie boedelbates gebeur, is nie ter sake vir die aanwas-eis nie.

Net so is alles wat 'n impak op die boedel kon hê voor afsterwe relevant. Agterstallige skuld, agterstallige belasting en kontraktuele verpligtinge sal voorkeur kry om die netto waarde van die boedel (vir die doel van die aanwas) te kan bereken. Skuldeisers hoef dus nie, soos erfgename, agter in die ry te gaan staan by die berekening van die aanwas nie.

Die waarde van die eis word bereken deur die beginwaarde van die onderskeie boedels (toe hulle getroud is) deur die inflasiesyfer oor die jare aan te pas en dit dan af te trek van die waarde van die onderskeie boedels op die dag van afsterwe van een van die partye. Die eis is dan vir die helfte van die verskil tussen die twee boedels.

## BOEDELBELASTING

Boedelbelasting word bereken ingevolge die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) en deur al die oorledene se eiendom en geagte eiendom bymekaar te tel, waarna sekere aftrekkings toelaatbaar is voordat die netto boedel (vir boedelbelasting) bereken word. Boedelbelasting is betaalbaar teen 20% van die netto waarde minus die vrystelling van R3,5 miljoen, maar ons laat dit eers daar.

Kortom, voordat 'n boedelbelastingberekening gedoen kan word, moet alle geldige aftrekkings reeds verreken wees. Die bekendste daarvan in soverre dit 'n huwelik aangaan, is artikel 4q, wat alle bemakings aan 'n oorlewende gade aftrekbaar maak. 'n Minder "bekende" aftrekking is artikel 4lA wat bepaal dat die waarde van die aanwas-eis eweneens aftrekbaar is om by die netto waarde van die boedel uit te kom vir boedelbelasting. Die aanwas-eis kan dus nie eers bepaal word nadat boedelbelasting bereken is nie, want om hoegenaamd die boedelbelastingsom te maak, moet die aanwas-eis reeds afgetrek wees.

Boonop kan ek nie sien hoekom die wetgewer sal toelaat dat 'n vrou (kom ons sê sy is die een met die kleiner boedel) beter daaraan toe sal wees met 'n egskeiding as by haar se man dood nie. Onthou, by egskeiding is daar nie boedelbelasting ter sprake nie. Hoekom sal dit dus dan ter sprake kom by huweliksbeëindiging by dood?

Die gevolge van die aanwas moet in berekening gebring word in boedelbeplanning, want, soos hier bespreek, is dit betaalbaar voor enige testamentêre bemaking. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; tel. **021 461 2067**.